NWK Koördinaat
Inligtingsblad vir NWK klante – No 10 – Desember 2006

Aanlyn verhandeling nou bekostigbaar

Produsente kan nou deur NWK 'n gratis verhandelingsplatform kry om direk verhandeling op die termynbeurs te doen. Dié Diro-verhandelingsplatform word reeds vir 'n geruime tyd deur NWK gebruik om op Safex te verhandel en inligting omtrent verhandeling op Safex by graandepots beskikbaar te stel.

Die stelsel is deur Gyro Information Technologies ontwikkel en maak aanlyn verhandeling op Safex via 'n internet-verbinding vanaf enige plek in die wêreld moontlik.

Volgens Danie Smith (bestuurder Graanverhandeling) laat die stelsel klante toe om alle Safex-gelyste instrumente (termynkontrakte, opsies, *spreads*, deltas en *splits*) sonder 'n telefoonoproep te verhandel.

NWK gee 'n handjie

"NWK het tot die ontwikkeling van die verhandelingsplatform bygedra ten opsigte van die behoefte-stelling en die spesifikasies van die stelsel en kan met vrymoedigheid hierdie verhandelingsplatform aan klante beskikbaar stel – en dit is boonop gratis.

"Die stelsel kan gebruik word om bloot die verloop van verhandeling op Safex gedurende verhandelingstye dop te hou en om intydse grafieke met tegniese aanduiders op die stelsel te trek sonder om self te verhandel. Sodoende kan prysbesluite op intydse inligting omtrent prysbeweging gegrond word.

"Die stelsel maak dit ook vir 'n Safex-klant van NWK moontlik om self verhandeling direk op die termynbeurs te doen. 'n Klant kan m.a.w. self sy koop- of verkoopbestellings op Safex insleutel en sy posisie in die termynmark bestuur, sonder om sy Safex-makelaar hiervoor te skakel. Verhandeling vind dan via NWK se Safex-makelaarsdiens plaas. In hierdie opsig tree NWK steeds as makelaar op," verduidelik Danie.

Internet-verbinding

'n Betroubare internet-verbinding is noodsaaklik om van hierdie verhandelingsplatform gebruik te maak. Die nuwe USB minimodem, oftewel Sharkpod, wat by NWK beskikbaar is, los hierdie probleem op.

Die Sharkpod (38 mm x 80 mm x 13 mm) verbind aan die USB-poort en kan op 'n persoonlike en skootrekenaar gebruik word. Dit maak gebruik van die MTN-selfoonnetwerk om vanaf enige plek waar selfoon-ontvangs beskikbaar is, 'n bekostigbare internetverbinding te bewerkstellig. Dit skakel dus die behoefte vir 'n betroubare landlyn vir internet-verbinding heeltemal uit.

Koste

Die internet-verbinding is baie bekostigbaar teen R2 per megagreep (Mb) inligting wat gekommunikeer word.

Na bl. 2

Wense met Kerstyd

Die onvoorspelbare elemente wat kenmerkend is van die landbou, het vanjaar ook weer hul rol gespeel. Die swakker as verwagte gehalte van die graan en die kleiner oeste het 'n negatiewe invloed op elkeen se besigheid gehad.

Danksy die lojale ondersteuning van ons lede kon NWK daarin slaag om gunstige resultate te behaal vir die eerste ses maande en verwag ons dat die resultate vir die res van die finansiële jaar verder sal verbeter.

Die direksie en bestuur vertrou dat die seisoen wat voorlê vir elkeen volgens plan sal verloop en dat graanpryse op 'n bestendige vlak gehandhaaf sal word.

'n Geseënde Kersfees en voorspoedige 2007 word u en u families toegewens. Mag u ook gedurende die tydperk die vreugde en vrede van Kersfees ervaar.

Dr. Chris Wentzel
Besturende direkteur

NWK
U tevredenheid is ons trots

ELEKTRONIESE SILOSERTIFIKATE

NWK is ten volle gerat om elektroniese NWK- en Safex-silosertifikate uit te reik.

Die koste daaraan verbonde is tans R180 per sertifikaat plus die normale koste van R1,50 per ton. Die R180 per sertifikaat word namens die diensverskaffer (ECS) gehef vir die gebruik van die stelsel en die R1,50 per ton is NWK se normale uitreikingskoste. Dié tariewe word met die uitreiking van die sertifikaat vanaf die aansoeker verhaal.

Die aansoeker het die keuse tussen papiersertifikate en elektroniese sertifikate. Papiersertifikate dra net die R1,50 per ton uitreikingskoste.

Vanaf 1 Februarie 2007 wysig die koste van R180 per sertifikaat na die onderstaande tariewe per sertifikaat:

0 - 25,999 ton:	R20 per sertifikaat
26 - 50,999 ton:	R40 per sertifikaat
51 - 100,999 ton:	R80 per sertifikaat
> 101 ton:	R180 per sertifikaat

Navrae

Skakel Kobus van den Berg (bestuurder Graandienste) by (018) 633-1002 vir meer inligting.

Wenke vir die boer

Produsente moet gedurende Desember aan die volgende aspekte aandag gee:

Veekunde

- Dragtigheidsondersoeke op die verse kan nou gedoen word indien 'n September/Oktober-dekseisoen gebruik word.
- Kalwers wat vir die voerkraal bestem is, moet onthoring en die bulletjies gekastreer word.
- Haal die bulle uit die koeitroppe op 75 tot 90 dae nadat hulle by die koeie gesit is.

Weiding

- Dra sorg dat weidings nie oorbewei word nie. Ruvoer is tans nog skaars en oorbeweiding kan maklik plaasvind.
- Sorg dat die bemesting van veral Smutsvingergras gereed is om uit te strooi sodra die weer dit toelaat.

Akkerbou

- Primêre grondbewerking moet so vinnig as wat die weer dit toelaat afgehandel word.
- Grondvog moet sover as moontlik bewaar word en onkruide moet aggressief beheer word.
- Weervoorspellers verwag 'n droë midsomer en lande wat teen planttyd nie voldoende vog bevat nie moet eerder oorgelê word.

Besproeiing

- Mielies wat vroeg aangeplant is, kan onderhewig wees aan stronkboorderbesmettings. Produsente moet deurgaans op die uitkyk wees vir tekens van besmetting.
- Koringprodusente moet vroegtydig reëlings begin tref om te stroop om die graankwaliteit so goed as moontlik te hou. Die stroopseisoen kan vanjaar vroeër as normaal aanbreek.

Aanlyn verhandeling

Van bl. 1

"Ons het gevind dat in 'n oggend se verhandeling ongeveer 4 Mb gekommunikeer word. Dit beteken dat indien 'n gebruiker vanaf 9:00 tot 12:00 via die Sharkpod internet-verbinding op die verhandelingsplatform op Safex doenig is, die kommunikasie hom ongeveer R8 per dag sal kos," vertel Danie.

Om van die Sharkpod-diens gebruik te maak, is 'n aanvanklike tarief van R230 betaalbaar ten opsigte van die simkaart en verbindingsfooi – die modem (Sharkpod) word gratis verskaf. Die koste vir die diens beloop R100 per maand vir 'n 24-maande kontrak, waarvan die eerste R75 gratis in die vorm van data-kommunikasie (@ R2 per MB) aan die gebruiker teruggegee word.

Navrae

Skakel Danie by (018) 633-1030 vir meer inligting omtrent die verhandelingsplatform op Safex en die Sharkpod.

Finale oordragdatum van mielies verander

Die finale oordragdatum van mielies uit die leweringsrekening na privaat opberging is in heroorweging geneem en sal voortaan 28 Februarie wees en nie meer 31 Desember soos vantevore nie.

Hierdie besluit vloei voort uit die behoefte van produsente om mielies in die vensterperiode van Januarie/Februarie te verkoop.

Hoe werk die oordrag?

Graan gelewer in die leweringsrekening dra die normale hanterings- en opbergingstariewe vanaf die dag van lewering. Die verhaling van opbergingskoste vind op 'n eerste-in-eerste-uit-basis plaas wanneer graan na privaat opberging oorgeplaas word.

Indien daar in die geval van mielies teen einde Februarie nog voorraad in die leweringsrekening oor is, sal dit outomaties na privaat opberging oorgeplaas word en opgeloopte hanterings- en opbergingskoste word dan eers gevorder.

Die oordragdatum van sonneblom en koring bly onveranderd op 31 Desember vir sonneblom en 30 April vir koring.

Navrae

Skakel Kobus van den Berg of Willie de Beer van Graandienste by (018) 633-1001 vir meer inligting.

Stabiliteit steeds die wagwoord

Die NWK Groep het 'n netto wins na belasting van R17,8 miljoen vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2006 behaal.

Dividend

Die Direksie het op 1 November 'n interim dividend van 7 sent per aandeel uit dié wins verklaar terwyl NWK Beherend Beperk, die houermaatskappy van NWK Beperk, eweneens 'n interim dividend van 7 sent per aandeel verklaar het. Die dividend is betaalbaar teen ongeveer 15 Desember en aandeelhouerrekenings sal daarmee gekrediteer word.

Bedryfsoorsig

Volgens Theo Rabe (direkteur finansies) was daar in die NWK bedieningsgebied ongeveer 'n 40% afskaling in hektaar mielies aangeplant. "Die oorvloed reën in die herfstydperk het die graan in produksie negatief beïnvloed en swakker as verwagte grade met die gepaardgaande druk op realisasiepryse was aan die orde van die dag. Die resultate van die Groep is uiteraard hierdeur beïnvloed. Danksy die sterk balansstaat waaroor NWK Beperk beskik kon die maatskappy, ondanks bogenoemde faktore, steeds sy interim dividend op 7 sent per aandeel handhaaf," het hy gesê.

Vooruitskatting

"Met inagneming van die weersomstandighede, beter graanpryse, asook die benutting van oorlêlande, is die verwagting dat produsente die komende seisoen meer graan sal aanplant as in die vorige seisoen. Normale en selfs hoër as verwagte verkope van produksiemiddele gedurende die tweede helfte van die jaar word in die vooruitsig gestel.

"Die direksie en bestuur is vol vertroue dat daar in die tweede helfte van die jaar beter resultate behaal sal word," het hy bygevoeg.

Kerswense

Die Direksie en Bestuur wens hiermee al NWK se lede, klante en personeel 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige 2007 toe.

Die eerste Direksievergadering van 2007 sal op 20 Februarie plaasvind.

Aandele voortaan self verhandel

NWK gaan vanaf 1 Desember 2006 die administrasie en aandeleverhandeling self hanteer.

Dit volg nadat die Raad op Finansiële Dienste onlangs besluit het dat oor-die-toonbank-verhandeling van aandele die funksie van 'n beurs is.

'n Beleggingsmaatskappy soos Barnard Jacobs Mellet en Kie (Edms) Bpk (BJM) mag dus nie meer aandele namens ongenoteerde maatskappye, soos NWK, verhandel nie, tensy hulle vir 'n beurslisensie aansoek doen. BJM is nie tans van voorneme om dit te doen nie.

NWK het dus geen ander keuse as om vanaf Desember die administrasie oor te neem nie.

Die Sekretariaat en departement Inligtingstelsels is reeds 'n geruime tyd besig om 'n eie verhandelingsmeganisme te skep om dié funksie intern te hanteer.

Volledige besonderhede in verband met die werking van die stelsel sal mettertyd aan aandeelhouers beskikbaar gestel word.

Navrae

Enige navrae in verband met die aangeleentheid kan aan Sekretariaat gerig word by (018) 633-1158.

Meer aansoeke ontvang

Die nuwe plantseisoen klop aan die deur en produsente het reeds hulle aansoeke vir produksiekrediet ingedien.

"Volgens die produksie-aansoeke wat ons tot nou toe ontvang het, wil dit lyk of die neiging vanjaar is om minder hektare sonneblom aan te plant," het Willie Manders (bestuurder Krediet) gesê.

"As gevolg van die oorlêlande van verlede seisoen se 'plant minder mielies-strategie' is die aanvraag vir produksiemiddele, veral kunsmis, vanjaar baie hoër.

"Ons het ook meer aansoeke as in die verlede ontvang."

Hy het produsente egter gemaan om seker te maak dat hulle bemarkingstrategie vir die nuwe seisoen in plek is.

Geseënde Kersfees

"Geseënde Kersfees en 'n vreugdevolle tyd word al ons klante toegewens. Dankie vir julle ondersteuning die afgelope jaar en die vertroue wat julle in NWK stel deur ons as sakevennoot in die besigheid te kies".

REËLINGS TYDENS DIE FEESTYD

Die feesseisoen lê om die draai en klante word daaraan herinner dat sekere bedryfspunte gedurende dié tyd vroeër sluit.

Volgens Jan du Toit (bestuurder Menslike Hulpbronne) word voorsien dat heelwat personeel vanjaar soos in die verlede by hoofkantoor, Epko, die graandepots, meganisasie bedryfspunte en versekeringskantore tussen Kersfees en Nuwejaar verlof sal neem. Hy noem dat waar klante bedien word, die reëling steeds is dat kernpersoneel aan diens sal wees sodat besigheid normaalweg bedryf kan word.

Die handelswinkels, meganisasie bedryfspunte, motorfiliale, Noordfed en Noordwes Voere is gedurende dié tyd normale ure oop en slegs gesluit op die openbare vakansiedae. Die groter handelswinkels sal op Saterdag, 23 Desember en 30 Desember tot 13:00 oop wees. Let wel dat al die kleiner handelswinkels en meganisasie bedryfspunte op Saterdag, 23 Desember en 30 Desember gesluit sal wees.

Aandelenuus

Die volgende aandele het vanaf 30 Augustus 2006 tot en met 8 November 2006 deur middel van NWK se makelaar, Barnard Jacobs Mellet en Kie (Edms) Bpk in Kaapstad, verhandel:

NWK Beperk

Aantal	*Prys/aandeel*
38 153	R2,90
133 514	R3,00
6 181	R3,05
394 064	R3,10
31 822	R3,20
21 100	R3,30
624 834	

NWK Beherend Beperk

Aantal	*Prys/aandeel*
222 995	R1,50
83 848	R1,55
540 080	R1,60
846 923	

Verhandeling van aandele

Belangstellende kopers en verkopers kan vanaf 1 Desember 2006 NWK by (018) 633-1158 skakel indien hulle belangstel om aandele te koop of te verkoop. Barnard Jacobs Mellet mag slegs tot 30 November 2006 voortgaan om NWK se aandele te verhandel. *(Sien ook artikel elders in dié uitgawe.)*

'n Mens sien groot dinge vanuit die vallei; net klein dingetjies vanaf die bergspits.

– G.K. Chesterton

Berg vloeibare kunsmis eerder só

Met die inmeng van ammoniumnitraat in vloeibare kunsmismengsels, wat groot agronomiese voordele inhou, word die produkte egter meer blootgestel aan kristallisasie.

Volgens Dewald Steyn (fabrieksbestuurder by die vloeibare kunsmisaanleg) kom dit gewoonlik voor waar daar temperatuurfluktuasie voorkom, bv. nagtemperature wat baie laer as die dagtemperatuur daal.

"Die produk sal eerste aan die kante van opgaartenks en op die oppervlakte kristalliseer omdat dit daar eerste koud word. Die kristalle is egter maklik oplosbaar en die probleem kan maklik oorkom word deur die produk net daagliks in die tenk te sirkuleer. Dit veroorsaak 'n geringe mate van temperatuurstyging asook 'n meer egalige temperatuurverspreiding wat alle moontlike kristalle in 'n japtrap sal oplos en alle verdere vorming van kristalle sal vertraag," beveel Dewald aan.

"Die sirkulasie of roer van opgebergde kunsmis (helder of suspensie) behoort 'n standaard praktyk op plase te wees, aangesien dit ook 'n meer homogene produk gee. Dit moet egter nie oordoen word nie en een maal per week behoort voldoende te wees.

"Sirkulasie behoort ook gedoen te word voordat vragte uitgelaai word vir die plant proses of uitspuit by spilpunte. Onder normale weerstoestande sal vloeibare kunsmis nie kristalliseer nie," het hy gesê.

Bestel vroegtydig

Produsente word aangeraai om, veral nou in planttyd, alle vloeibare kunsmisbestellings ten minste 48 uur voor dit benodig word, te plaas. Die fabriek sal poog om binne 24 uur na die bestelling geplaas is, af te lewer.

Plaas bestellings telefonies by Maryke Nel of Dawid van den Berg by (018) 632-4690 of (018) 632-6297. Dewald Steyn kan vir enige verdere navrae, of sou enige probleme ondervind word, by 082 416 4051 geskakel word.

Eenstop diens

Daar word steeds gepoog om alle vloeibare kunsmistoerusting wat op plaasvlak benodig word by die fabriek aan te hou. Kontak die fabriek egter betyds en bespreek jou behoefte met hulle.

EFFEKTIEWE VOGBENUTTING - TOETSE OP MIELIES

Die NWK-Omnia agentskap is tans besig met 'n reeks interessante proewe om die effektiewe benutting van water deur mielies op verskillende gronde te vergelyk. Deur die proewe gaan gepoog word om die teorie te bewys dat mielies wat nie onder voedingstremming verkeer nie grondvog tot 115% meer effektief benut.

Volgens Henk le Roux (bestuurder Handel en Kunsmis) het landboukundiges van regoor die Noordwes-bedieningsarea gronde van klante in hulle area vir deelname genomineer. "Om te verseker dat vergelykings regverdig geskied, is die grondkundiges van Omnia Presisieboerdery ingespan om die verskillende gronde se potensiaal te bepaal. Chemiese ontledings van die gronde is ook verder deur Omnia se laboratorium gedoen om te bepaal of regstellings gedoen moet word.

"Die proewe bestaan uit 5 ha persele wat soos volg bemes word: een perseel word volgens die produsent se normale bemestingsprogram bemes, die tweede perseel word vir twee maal die grond se potensiaal bemes en op die derde perseel word vir drie maal die opbrengspotensiaal bemes. Dit kom daarop neer dat die produsente van die persele vir tot 'n 12 ton mielie-opbrengs op droëland sal bemes," vertel Henk.

"Die NWK-Omnia span is vol vertroue dat ons streek se produsente nie 'n duim hoef terug te staan vir ander streke se produsente nie.

"Ons sal lesers deur die loop van die seisoen op hoogte hou en die finale resultate sal ook in latere artikels deurgegee word."

Die landboukundige insette, regstellings-, Sap ontledings-, blaarvoedingskoste en 'n gedeelte van die bemestingkoste word deur Omnia se Noordwes eenheid gedra.

Dís mos nou waarde vir geld

Is jou trekker kapot, of is dit tyd om jou vloot trekkers te vervang? NWK bied nou aan klante 'n spesiale promosie op die NH TT 75 2WD en TD 95 DT S.

Volgens Piet van Zyl (bestuurder Meganisasie) het NWK 'n klompie trekkers by New Holland SA aangekoop wat hulle nou teen spesiale pryse aan klante bied.

"Daar is 'n beperkte hoeveelheid trekkers teen spesiale pryse beskikbaar. Klante moet egter voor die tyd 'n bestelling by die naaste NWK meganisasie bedryfspunt plaas om te verseker dat die trekkers toegeken word soos wat die invoere plaasvind," het Piet gesê.

"Die onbestendigheid van die rand/dollar-wisselkoers oor die afgelope paar maande veroorsaak dat pryse van ingevoerde landboumasjinerie erg kan fluktueer in die toekoms. Die meeste trekkermaatskappye het reeds prysverhogings aangekondig. Spring dus gou om van hierdie aanbod gebruik te maak."

NH TT 75 2WD

Tegniese hoogtepunte

- 55 kW
- tweewieldryf
- viersilinder Iveco enjin
- 12 x 3 gedeeltelik-gesinkroniseerde ratkas
- toegerus met 10,00 x 16 voorbande

Prys

Hoeveel kan u bespaar op die gepubliseerde prys van R202 808 (BTW uitgesluit)?

TD 95 DT S

Tegniese hoogtepunte

- 71 kW
- vierwieldryf
- viersilinder (Tier II) Iveco enjin met 'n turbo
- 12 x 12 gesinkroniseerde ratkas

Prys

Hoeveel kan u bespaar op die gepubliseerde prys van R295 979 (BTW uitgesluit)?

Om uit te vind hoeveel u kan bespaar op 'n transaksie, sal u die naaste NWK meganisasie bedryfspunt moet skakel. Lichtenburg, Mareetsane, Koster, Ventersdorp, Viljoenskroon, Sannieshof, Delareyville of Ottosdal.

Maak jou keuse

Onthou om 'n opsie-keuse vir jou mediese fonds voor die D-datum uit te oefen.

Kontak jou versekeringsadviseur vir die beste advies.

VOORRAAD WORD DAN GETEL

Die jaarlikse voorraadopname vind weer gedurende Januarie en Februarie 2007 plaas. Die volgende handelswinkels sal vir die duur van die opname op die betrokke dae gesluit wees, waarna die winkels weer sal heropen. Dit mag egter gebeur dat 'n winkel vir die hele dag toe is. In sulke gevalle kan die winkel se noodnommer geskakel word vir dringende behoeftes wat klante mag hê.

6 Januarie:	Econobuild Mafikeng
8 Januarie:	NWK Dienste en Ottosdal
9 Januarie:	Gerdau
13 Januarie:	Koster
15 Januarie:	Ekonokoop Lichtenburg
16 Januarie:	Grootpan
17 Januarie:	Swartruggens
18 Januarie:	Biesiesvlei
20 Januarie:	Lichtenburg
22 Januarie:	Delareyville
23 Januarie:	Kameel
27 Januarie:	Zeerust
29 Januarie:	Nooitgedacht en Mareetsane
3 Februarie:	Buhrmannsdrif
5 Februarie:	Coligny
10 Februarie:	Skuinsdrif
12 Februarie:	Madibogo
17 Februarie:	Sannieshof
19 Februarie:	Zeerust Ekonokoop

Fynskrif nie onduidelik nie

Dit gebeur dikwels dat versekerdes – en meer dikwels ontevrede versekerdes – verwys na die sogenaamde "fynskrif" in 'n polis. ('n Spreker het by geleentheid die gehoor genooi om gerus sy produk se kontrak te bestudeer – hul sal vind dat al die letters ewe groot is!)

Op 'n ernstiger noot: dit is so dat elke kontrak oor sekere of spesifieke voorwaardes beskik. Die kontrakgewer sowel as die kontraknemer moet albei by hierdie voorwaardes hou, anders kan die kontrak, of 'n gedeelte daarvan, nietig verklaar word.

Versekering is ook 'n kontrak wat tussen die versekerde en die versekeraar aangegaan word. In 'n polis word daar onderskei tussen:

- Algemene voorwaardes – normaalweg van toepassing op die hele polis, bv eise-prosedures, en
- Besondere voorwaardes – normaalweg van toepassing op 'n spesifieke afdeling van die polis, bv lisensiëring-vereistes op die motor-afdeling.

Versekerdes moet hulself vergewis van die inhoud en vereistes van hul poliskontrak. NWK Versekeringsmakelaars beskik oor ervare en bekwame adviseurs wat jou kan adviseer oor al jou korttermynversekeringsbehoeftes, insluitend oes- en mediese versekering.

Kontak gerus jou plaaslike NWK Versekeringsmakelaarsadviseur wat al die "fynskrif" aan jou sal uitwys.

Reëndex veld beskikbaar

Droogte is een van 'n veeboer se grootste risiko's. "Reëndex veld" kan tydens uiterste droogtetoestande die veeboer van 'n maandelikse kontantinspuiting voorsien om te help met die aankoop van voer of die huur van weiding om sy kernkudde in stand te hou.

Met "Reëndex veld" kan dekkingskeuses in terme van die langtermyn gemiddelde reënval gekoop word.
Dié versekeringsproduk is by NWK Versekeringsmakelaars beskikbaar.

Skakel (018) 633-1207.

2de jaar saad 'n waagstuk

Produsente oorweeg dit soms om geoesde produksie terug te hou en as saad te gebruik. Johan Verwey (bestuurder Bemesting en Saad) verduidelik waarom produsente nie aangeraai word om tweedejaar saad te plant nie.

"In die geval van basters sal die saad nie die potensiaal en produksievermoë van die oorspronklike saad hê nie. Daar is reeds weer met die inteelproses begin en basterkragvoordele het in werklikheid verlore gegaan.

"Oopbestuifde kultivars, soos koring en sojabone, se genetiese potensiaal is in die korrel opgesluit, maar dit bevat ook reserwe plantvoedingstowwe wat die jong plantjie benodig. Indien die saad dus in grond geplant word wat een of meer tekorte het, sal die volgende generasie plante in 'n groter mate aan hierdie tekorte blootgestel word.

"As daar byvoorbeeld 'n boor tekort is, sal teruggehoude saad in 'n groter mate aan boor tekorte blootgestel word. Dieselfde geld vir molibdeen en ander mikro-elemente. Die gebruik van tweedejaar saad bly 'n té hoë risiko en produsente behoort dit nie te oorweeg nie.

"Hiermee saam is daar genetiese patentregte en 'n morele oorweging wat deur alle landbouers gerespekteer behoort te word. Dit impliseer dat die gebruik van tweedejaar saad in werklikheid op 'diefstal' neerkom omdat die maatskappy wat die produk ontwikkel het, nie meer die voordeel daarvan kry nie," verduidelik Johan.

Steeds goedkoper

Uit 'n onlangse prysopname wat Handel gedoen het, blyk dit dat NWK se pryse by die handelswinkels steeds billik en mededingend is.

"Ons het dieselfde mandjie kruideniersware by NWK se handelswinkel en by een van ons konkurrente gekoop en die totale mandjie waarde met mekaar vergelyk. Die konkurrent se totale mandjie was 5,14% duurder as NWK s'n," verduidelik Henk le Roux (bestuurder Handel en Kunsmis).

NWK doen gereeld prysvergelykings om seker te maak dat NWK se pryse en voorsieningspeil kompeterend in die mark bly.

Mieliekiempers volstoom aan die gang

Epko pers sedert 1 Julie vanjaar mieliekiem op Lichtenburg. Die mieliekiemruolie word daarna in die nuwe verfyningsaanleg, wat vroeër vanjaar voltooi is, verwerk.

Joseph Kunnath (produksiebestuurder) in die verfyningsaanleg met 'n voorbeeld van ruolie en verfynde olie.

Volgens Bert Prinsloo (besturende direkteur van Epko) is mieliekiemolie 'n uitstekende olie om onder andere in slaaie, margarien en mayonnaise te gebruik.

"Die vetsuurprofiel van mieliekiemolie is baie dieselfde as sonneblom s'n. Die oleïensuurgehalte (mono-onversadigde vet) is ongeveer 10% hoër en die linoleïen (poli-onversadigde vet) 10% laer as dié van sonneblomolie. Omdat die oleïensuurgehalte hoër is, is dit 'n meer stabiele olie en word dit nie so maklik geoksideer om uiteindelik slegte smake te ontwikkel nie," verduidelik Bert.

Mieliekiempers

3 000 ton mieliekiem kan per maand by die aanleg gepers word – dit lewer sowat 1 350 ton mieliekiemolie. Die oliekoek, met 'n 20% proteïeninhoud, word weer aan veevoervervaardigers verkoop.

Verfyningsaanleg

Slegs 50% van die verfyningsaanleg se kapasiteit word tans vir mieliekiem aangewend en volgens Bert beplan hulle om die res van die kapasiteit vir die verfyning van soja- en sonneblomolie aan te wend.

Ken jou handelsmerk

Noordfed verpak en bemark 'n volledige reeks koek-, bruinbrood-, witbrood- en bruismeel onder die Hay-Day handelsnaam. 'n Omvattende reeks verpakkings – van 1 kg tot 65 kg – is beskikbaar. Kyk gerus uit vir die Noordfed handelsmerke by jou naaste handelswinkel.

Hay-Day

MAPSTIEKS, MAN!

Net wit Polo's sover as wat die oog kan sien...Noordwes VW het dié vloot motors, 40 van hulle, gedurende Oktober aan verskeie staatsdepartemente in die Noordwes Provinsie afgelewer. 26 ambulanse sal ook eersdaags afgelewer word.

NWK gee om...

Die nood in die plaaslike gemeenskappe word al hoe groter en die belangrikheid en ondersteuning van instansies, soos NWK, kan nie gering geskat word nie.

***Foto 1:** NWK het op 30 Oktober 'n tjek aan Koster Primary School oorhandig vir die aankoop van teëls om hul kantoor op te gradeer. Piet Rautenbach (bestuurder Koster handelswinkel) het die tjek aan die skoolhoof, mev Kritzinger, oorhandig.*

***Foto 2:** Vlakpan Laerskool, 'n plaasskooltjie met 73 leerlinge en vyf personeellede, het 'n behoefte aan 'n kopieermasjien gehad. Volgens die skoolhoof, Johan Labuschagne, was die masjien letterlik met bloudraad en 'n tang aanmekaar gehou en was die beskikbaarheid van onderdele ook 'n probleem. NWK en Sharp Electronics Klerksdorp (Fred Ludick) het saamgespan en 'n digitale kopieermasjien aan die skool oorhandig om hul administratiewe take te verrig. Die personeel en leerders lyk heel ingenome met die nuwe Sharp kopieermasjien.*

***Foto 3:** Tydens die oorhandiging van die kopieermasjien is 'n verdere behoefte deur NWK geïdentifiseer: die skool se sokkerbal was gedaan. Noordfed ('n filiaal van NWK) is genader en hulle het twee sokkerballe vir die skool en 'n pakkie Super Goal mieliemeel aan elke leerling en onderwyser oorhandig. Johan Bezuidenhout (bestuurder Bemarkingsdienste) oorhandig die sokkerballe en mieliemeel aan Johan Labuschagne.*

***Foto 4:** Noordfed was vanjaar betrokke as borg by 'n sokkerliga vir hoërskole. Die skole wat aan die liga deelgeneem het, was: Coligny Hoërskool, Zeerust Hoërskool, Lichtenburg Hoërskool, Mafikeng High School, International School of South Africa en Sol Plaatjes High School van Mafikeng. Die finale het op 24 Oktober 2006 op Mafikeng plaasgevind. Hier oorhandig Jacques de Wet (bemarkingsbestuurder Noordfed) die trofee aan die seëvierende kaptein van Sol Plaatjes High School.*

NWK is trots op Kobus

Baie geluk aan Kobus du Preez, een van NWK se direkteure, wat deur die SA Landbouskrywersvereniging as Noordwes se Boer van die Jaar aangewys is. Hier ontvang hy sy sertifikaat as finalis in die vereniging se Nasionale Boer van die Jaarwedstryd van Nico van Burick, nasionale voorsitter van dié vereniging.

Die funksie is op 10 November in Port Elizabeth gehou.

Koördinaat op die web

Produsente word daaraan herinner dat hulle *NWK Koördinaat* ook op die web kan lees.

Besoek NWK se webwerf by *www.nwk.co.za.*

Mooi so, Lasarus!

NWK is baie trots op een van sy klante. Lasarus Mothusi, wat op Weltevreden en Mooipan by Mareetsane boer, is onlangs as Graan SA/Land Bank se Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar aangewys. Ruth, sy vrou, was saam met hom by die spogfunksie op NAMPO Park.

SONDER GRENSE OP DIE LUG

As jy tussen 16 Oktober en 29 Desember RSG luister, sal jy beslis 'n advertensie van NWK op dié nasionale radiostasie hoor.

Vir die volgende twaalf weke word advertensies van Graanbemarking, Handel, Korporatief en 'n Kersboodskap om die beurt op RSG uitgesaai.

Luister dán

Die advertensies kan in die volgende tydgleuwe gehoor word:

- Maandae tussen 12:00 en 16:00
- Dinsdae tussen 16:00 en 19:00
- Woensdae tussen 12:00 en 16:00
- Donderdae tussen 16:00 en 19:00
- Vrydae tussen 12:00 en 16:00

Leen ieder mens jou oor,
aan min jou woord.

– William Shakespeare

Wie's wie in NWK?
– Ontmoet Louis Lange

In die mark vir 'n nuwe voertuig? Dan is Louis Lange van Noordwes VW net die man om mee te gesels.

Louis Lange

Louis is sedert 1 Desember 2004 die handelaarshoof by dié Volkswagen agentskap op Lichtenburg.

Visie
Sy visie vir Noordwes VW is om 'n gediversifiseerde diens vir die hele gemeenskap in al sy verskillende fasette te bied. Hulle het juis tans 'n regeringskontrak wat hulle diens.

"Die uitdaging in dié mark is groot en ons poog om vir ons klante uitstaande diens te lewer sodat hulle steeds 'n pad met ons sal stap," vertel Louis.

Loopbaanpad
Louis het in 1980 in die landboubedryf betrokke geraak en het aanvanklik onderdele verkoop. Hy het later 'n draai by 'n finansieringshuis gemaak; sy eie gebruikte voertuigbesigheid gehad en by 'n BMW agentskap gewerk voordat hy hom by Noordwes VW aangesluit het.

Louis is getroud met Ilda en hulle het vyf kinders.

Kontakbesonderhede
Klante kan Louis skakel by (018) 633-1323 of stuur 'n e-pos na *louisnwvw@nwk.co.za*. Jy kan hulle ook besoek in Nelson Mandela Rylaan, Lichtenburg.

PERSONEELSKUIWE, BEVORDERINGS EN AANSTELLINGS

Hannes Viljoen is sedert 1 Oktober as prosesingenieur by Epko aangestel en sal verantwoordelik wees vir die prosesse by die pers- en verfyningsaanlegte in Johannesburg en op Lichtenburg, batebestuur en onderhoudsbestuur.

Riaan van Eeden is vanaf Mareetsane handelswinkel verplaas tot winkelbestuurder by Zeerust Ekonokoop terwyl Hennie Labuschagne (voorheen van Vergelegen) bevorder is tot handelswinkelbestuurder by Skuinsdrif.

Eloïse Karsten is sedert 1 November die nuwe ontvangsdame by NWK se hoofkantoor.

Lodrick Barnard van Hibernia graandepot volg Ben du Plessis by Grootpan depot op en Willie Jansen is bevorder tot depotbestuurder op Boons.

Eloise Karsten

Hannes Viljoen

Wen!

'n Gelukkige leser kan hierdie Salton "Gourmet Griddle" ter waarde van R410 wen. Dit is ideaal vir die braai van steak, spek en eiers asook roerbraai. Jy kan ook pannekoek en plaatkoekies hierop maak.

Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Waarvan sal jy meer in *NWK Koördinaat* wil lees?**

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan:
Johan Bezuidenhout, NWK Bemarkingsdienste, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Of stuur 'n faks: (018) 633-1916 of e-pos: *jbezuidenhout@nwk.co.za.* Inskrywings moet Johan voor of op 31 Januarie 2007 bereik.

Vorige wenner
Baie geluk aan Lood Badenhorst van Delareyville wat die Bosch impakboor en boor- en skroewedraaierstel gewen het. Die prystrekking is deur PricewaterhouseCoopers, Lichtenburg behartig.

Inskrywingsvorm

Naam en van:_____

Lidnommer:_____

Adres:_____

Tel:_____

Sel:_____

Antwoord:_____

Reëls
1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – nie NWK personeel nie.
2. Slegs een inskrywing per persoon.
3. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* verskyn.
4. Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word.
5. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.

NWK KOÖRDINAAT

***NWK Koördinaat* is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Bemarkingsdienste deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE
Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Estie de Villiers (018) 468-2716 • 083 490 9449 • *estie@infoworks.biz*

UITGEWER
Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

infoworks
We make marketing ideas fly

Alle regte van die inhoud van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.